



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BScHons Bourekenkunde (12242017)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	158
Kontak	Mr DJ Hoffman danie.hoffman@up.ac.za +27 (0)124202551

Programinligting

Dit word ver wag dat 'n student bo en behalwe bevredigende bywoning van lesings, vir ten minste 480 uur deelyds in die kantoor van 'n geregistreerde bourekenaar werksaam sal wees met werk wat aan die vereistes vir registrasie ooreenkomstig die Wet op die Bourekenaarsprofessie voldoen. Daar sal van die student ver wag word om 'n diensrooster by te hou op die voorgeskrewe templaats.

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

Toelatingsvereistes

'n Persoon mag nie as 'n kandidaat vir die graad toegelaat word nie, tensy hy of sy:

- (a) 'n gegradueerde van die BSc in Bourekenkunde-graad van hierdie Universiteit; of
- (b) die houer van 'n drie-jaar baccalaureusgraad van hierdie, of enige ander universiteit erken vir die doel deur die departementshoof as gelykstaande aan die BSc in Bourekenkunde-graad van hierdie Universiteit; of
- (c) in enige ander wyse bereik 'n vlak van bekwaamheid wat na die mening van die hoof van die departement is voldoende vir die doel van toelating.

Addisionele vereistes

Keuring is gebaseer op die aansoeker se akademiese rekord en ondervinding. Van aansoekers kan ver wag word om vir 'n onderhoud te kom en/of 'n toelatingseksamen af te lê.

Eksamens en slaagvereistes

Ten einde tot die eksamen in 'n betrokke module toegelaat te word, word 'n semester-/jaarpunt van minstens 40% vereis. Verder moet aan alle ander eksamentoelatingvereistes voldoen word, soos van toepassing op 'n betrokke module.

Hereksamens

Geen hereksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

pesiale eksamens

Geen spesiale eksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

Voldoening aan graadvereistes

Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.



Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan 'n student wat vir die eerste maal vir de graad geregistreer het, en die graad voltooi het binne die minimum voorgeskrewe tydperk en in al die modules geslaag het met 'n gewoone gemiddelde van minstens 75% (uitgesluit POU 700).



Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 158

Kernmodules

Konstruksiekontrakreg 740 (KKR 740)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	KKR 730 GS
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademieorganisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Toepassing en terminologie van CIDB geëndosserde standaard kontrakte, behalwe JBCC (GCC, NEC en FIDIC); gevallestudies. Alternatiewe dispuutskikking: bemiddeling, beoordeling en arbitrasie; litigasie - 'n oorsig; deliktereg; verwaarlosing en skade aan eiendom.

Konstruksieprojekbestuur 730 (KPB 730)

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademieorganisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Inleiding tot projekbestuur in die bou- en eiendomsbedrywe. Sleutelprosesse, kennisgebiede en tegnieke word behandel.

Navorsingsverslag 785 (BRK 785)

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademieorganisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

'n Skripsie waarvan die onderwerp deur die departementshoof goedgekeur is, moet gedurende die finale studiejaar ingedien word.



Uitvoerbaarheidsstudies 720 (EUS 720)

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	EUS 710
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Gedetailleerde finansiële lewensvatbaarheidstudies van verskillende tipes eiendomsontwikkelings; waardebestuur en lewensikluskoste.

Hoeveelhede 700 (HVH 700)

Modulekrediete	24.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Opmeet van sloping, verbouings, gevorderde grondwerk en meganiese dienste. Voorbereidsels, tipes hoeveelheidslyste en samestelling van hoeveelheidslyste insluitende die toepassing van die verkrygingsvoorskrifte van die Konstruksie Industrie Ontwikkelings Raad in die Openbare Sektor. Geotegniese en siviele ingenieurswerke.

Praktiese ontwikkelingsuitvoerbaarheid 700 (POU 700)

Modulekrediete	2.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Konstruksiekontrakreg 730 (KKR 730)

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied



Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Kontrakreg en deliktereg – 'n oorsig; ontwikkeling van bouooreenkomste in Suid-Afrika; GBK hoofbouooreenkoms en benoemde/geselekteerde onderaannemersoorenkoms: interpretasie, versekering en sekuriteit, uitvoering, voltooiing, betaling, suspensie, en kansellasië, dispuutbeslegting; GBK Kleinwerke-ooreenkoms; gevallestudies.

Uitvoerbaarheidsstudies 710 (EUS 710)

Modulekrediete 9.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 3 lesings per week

Onderrigtaal Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Oorsig van faktore wat die uitvoerbaarheid van voorgenome eiendomsontwikkelings beïnvloed, insluitende 'n kort inleiding tot stadsbeplannings-, waardasie-, finansiële-, bemarking- en beleggingsbeginsels.

Boukosteraming 700 (BKR 700)

Modulekrediete 24.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 4 lesings per week

Onderrigtaal Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Jaar

Module-inhoud

Beraming van boukoste – beginsels en proses; elemente van 'n prys; rowwe hoeveelhede en inbegrepe hoeveelhede (elementele- en bouershoeveelhede) vir beramingsdoeleindes; beramingsmetodes; prysberekening van verskillende ambagte en voorbereidsels; ontleding van boukoste; boukoste-eskalasie; ontwerpkoestebestuur.

Bourekenkundepraktyk 700 (BRK 700)

Modulekrediete 12.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesings per week

Onderrigtaal Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Jaar



Module-inhoud

Konstruksieverkrygingsriglyne; standaard van eenvormigheid; kontrakadministrasie; projekadministrasie; aanstellingsvoorwaardes en gelderekening; konsortiums; tender vir professionele dienste; professionele aanspreeklikheid; Publieke Private Vennootskappe; Wet op die Bourekenaarsprofessie; Wet op die Bou-omgewing; Wet op CIDB. Wet op Konstruksie Industrie Ontwikkelingsraad, Wet op Publieke Finansiële bestuur, Wet op Munisipale Finansiële bestuur en Wet op Voorkeur Verkrygingsbeleid.

Bestuurspraktyk 700 (BTP 700)

Modulekrediete 6.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 2 lesings per week

Onderrigtaal Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Semester 2

Module-inhoud

'n Studie van effektiewe besigheidsbestuur met verwysing na verskeie organitoriese funksies. Aandag word gegee aan die bou-omgewing praktisyns binne die konteks.

Konstruksiebestuur 710 (KBS 710)

Modulekrediete 9.00

Voorvereistes Geen voorvereistes.

Kontaktyd 3 lesings per week

Onderrigtaal Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie Konstruksie-ekonomie

Aanbiedingstydperk Semester 1

Module-inhoud

Operasionele bestuurstechnieke, produktiwiteit, werkstudie en die invloed op prysvasstelling. Konstruksieprogrammeringstechnieke.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrou met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.